SKOOLREËLS

Klaswisseling

1. Wanneer die klok lui met die aanvang van die skooldag en na pouses tree die leerlinge aan op die aangewese plekke.
2. Leerlingrade hou toesig by hul voogklasse en sien toe dat alles ordelik geskied.
3. Tydens klaswisseling moet daar flink beweeg word in ordelike rye kloksgewys op die stoepe.
4. Geen geselsery tydens klaswisseling word toegelaat nie.
5. Van die prefekte word verwag om toesig te hou tydens klaswisseling.
6. Tasse moet in die hand verste van die muur gehou word.

Die volgende is verbode binne die grense van die skool:

1. Enige vorm van vandalisme en beskadiging van skooleiendom.
2. Afknouery, vuisgevegte
3. Gooiery van enige voorwerpe, wat vir ander leerlinge gevaar inhou.
4. Teenwoordigheid van leerlinge in die omgewing waar motors van personeel/ouers geparkeer is.
5. Die gebruik van die dam sonder volwasse/prefek toesig.
6. Die gebruik van vuil taal of vuilpraatjies.
7. Die aftakeling van die selfbeeld van 'n ander leerling.
8. Die gebruik van grimering saam met skool- of sportdrag.
9. Hande in broek- en baadjiesakke loop.
10. Die opsetlike wegsteek van ander leerlinge se tasse of besittings.
11. Die uitgooi van tasse.
12. Enige aard van diefstal.
13. Die kou van kougom tydens skool en buitemuurse bedrywighede.
14. Ander kleredrag as wat voorgeskryf word.
15. Dra van tekkies of plakkies saam met skooldrag.
16. Selfone wat foto's kan neem of inligting van die INTERNET kan aflaai.
17. Seuns en dogters se hare mag nie gekleur word nie.
18. Geen eet- en drinkgoed word in klasse toegelaat nie.
19. Geen besoekers of ander leerlinge word in klasse toegelaat nie.
20. Slegs huidige leerlinge van dié skool mag sokkies bywoon wat op die terrein aangebied word.
21. Enige optrede wat die dissipline of die algemene program van die skool benadeel.

Die volgende is verbode BINNE en BUITE die grense van die skool en kan tot skorsing lei van leerling soos bepaal deur die Statute van Privaatskool Elnatan:

1. Rook
2. Die gebruik van dwelmmiddels / handel dryf met dwelmmiddels of in besit wees van dwelmmiddels asook enige verbode middel
3. Die gebruik van alkoholiese drank / verspreiding van drank of in besit wees van drank
4. Die besit van pornografiese materiaal / verspreiding van pornografiese materiaal
5. Enige optrede wat die skool se naam kan skaad

Algemeen

1. Leerlinge moet teenoor die inwoners van die gemeenskap met respek optree.
2. Leerlinge moet uit respek opstaan as gaste, ouers of personeel op die terrein beweeg.
3. Leerlinge moet hulle aan die gesag van die onderwysers en Leerlingraad onderwerp.
4. Leerlinge moet opstaan as personeel of ouers die klaskamer betree.
5. Daar word van leerlinge verwag om 'n tradisie te skep van vriendelik groet.
6. Leerlinge moet klasse bywoon tot op die laaste dag van die skoolkwartaal.
7. Geen leerling word toegelaat om 'n voertuig, sonder 'n lisensie of behoorlike toesig van 'n volwasse op die skoolterrein te bestuur nie. Sleutels van leerlinge se voertuie moet vir die duur van die skoolweek by die superintendente van die koshuis ingehandig word.
8. Geen selfone word tydens skoolure en studietye by leerlinge toegelaat nie.
9. Wanneer seuns en dogters 'n vriendskapsverhouding het, word 'n gehang en handjiesvashouery, gesoenery en lê teen mekaar op die terrein, of in skooldrag as onvanpas beskou. Hierdie paartjies mag slegs kuier op die grasperk voor die hoofgebou .
10. Die voorstoep van die hoofgebou moet nie as 'n speel- en sitplek uitgesonder word nie.
11. Die stoep en grasperk voor die hoof se huis is verbode vir leerlinge.